

15 November

Skrifgedeelte: Jesaja 1

Fokusgedeelte: Jesaja 1:2-9 (veral vers 9)

Sonder God geen toekoms

Jesaja het in 'n tyd geleef toe die magtige Assiriese Ryk 'n groot bedreiging vir God se volk was. In sy tyd is die Noordelike Koninkryk van Israel in ballingskap weggevoer om nooit weer terug te keer nie. Dit was as gevolg van die verskriklike sondes wat hulle gedoen het. In hierdie tyd moes Jesaja die deel van die volk wat in die Suidelike Koninkryk van Juda oorgebly het, waarsku dat hulle op 'n verkeerde pad is. 'n Pad wat hulle net al hoe verder van God sou wegneem. Ons fokusgedeelte kondig die tema van die hele eerste gedeelte van die boek tot by hoofstuk 49 aan. Die Here het die volk sy eiendom gemaak en vir hulle gesorg, maar hulle het Hom verwerp. Hulle het nie na Hom geluister nie en het hulle eie kop gevolg. Die resultaat was dat die Here se oordeel hulle getref het – en dit gaan weer gebeur. Hulle gaan swaar gebuk onder die gevolge van hulle sonde. Die Here het hulle telkens in die geskiedenis gestraf om hulle tot hul sinne te bring. Hy het hulle nie heeltemal verwerp nie – daar het altyd 'n deel van die volk, 'n oorblyfsel, oorgebly. God se genade bly staan en daarsonder het God se kinders geen toekoms nie. In Christus is ons lewe met God egter seker en weet ons dat Hy sy genade aan ons gegee het. Ons moet egter steeds leer om Hom te gehoorsaam.

Sing: Psalm 73:11,12

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)